

**Woensdag 30 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 130**

**Fokusgedeelte: Psalm 130:3, 6**

**Geen aanspraakmaker nie, maar 'n wagter op vergewing**

Wie kan by die Here aanspraak op vergifnis van sonde(s) maak? Hierdie vraag hou ook met hierdie psalm as 'n pelgrimslied verband. Psalm 130 is een van die liedere wat gesing is terwyl die volk na Jerusalem opgegaan het om God in sy heiligdom te ontmoet.

Is dit waarom hulle na Jerusalem opgetrek het – om aanspraak op vergewing te maak? Nee. Allermens, soos in vers 3 bely word: “As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan?” Vergewing kan nie verdien word nie, maar alleen geskenk word. Wie besef hoe groot sy sonde en ellende is, is nie 'n aanspraakmaker op vergifnis nie, maar pleit uit “die dieptes” (vs 1) by God om die genade van vergifnis.

Niemand het enige aanspraak op vergewing nie, maar kan ek daarvan seker wees dat God uit genade vergifnis sal skenk? Ek mag hierop vertrou. Net so seker as wat die môrelik die nagtelike duisternis verdryf, kan ek my verwagting op vergewing stel. Selfs “meer” (vs 6) as wat wagers op die môre wag, kan ek op vergewing vertrou: “Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes ...” (1 Joh. 1:9).

In die heiligdom waarheen opgetrek is, is offers gebring in vertrouensvolle verwagting van vergifnis van sondeskuld. Op Golgota het Christus Homself vir die genade van vergifnis geoffer. Op grond hiervan pleit Hy by die Vader vir hulle wat uit “die dieptes” om vergifnis roep. Hierdie versekering van vergifnis maak egter wel die aanspraak van vers 4 op jou lewe: “... daarom word U steeds gedien.”

*Sing: Psalm 130-1:2*

*Ds. EJ Tiemensma (Eddie) (emeritus)*